Charl aangestel tot die International Federation of Agricultural Journalists

Charl van Rooyen, sekretaris van Landbouskrywers SA, is op die afgelope jaarlikse kongres van die International Federation of Agricultural Journalists (IFAJ) in Fort Worth, Texas, as een van ses komiteevoorsitters aangewys.

Hy is Suid-Afrika se verteenwoordiger op die uitvoerende komitee van die IFAJ en sal voortaan ook aan die hoof van die komitee vir professionele ontwikkeling staan. Die komitee sien toe dat landboujoernaliste toegang tot professionele ontwikkeling verkry, wat onder meer fotografie en skryfkuns insluit. Hulle reël werksessies tydens hierdie kongresse, wat elke jaar in 'n ander land plaasvind en deur landboujoernaliste van sowat dertig lande bygewoon word.

Die komitee werk ook nou saam met die dokumentasiesentrum vir landboukommunikasie aan die Universiteit van Illinois.

Charl is nou ook in beheer van die internasionale landboufotografiekompetisie, waarvan sy kollega in Pretoria, mnr. Andries Gouws, enkele jare gelede die heel eerste wenner was.

Theuns Botha, lid van die Oos-Kaapse tak van Landbouskrywers SA, het vanjaar vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n vermelding met 'n foto van Afrikanerbeeste gekry.

Die kongres is danksy 'n borgskap van Monsanto deur Landbouskrywers SA se hele dagbestuur bygewoon. Hugo Lochner (voorsitter), Magda du Toit (ondervoorsitter) Charl van Rooyen (sekretaris) en Hanlie du Plessis (tesourier) is deur Hans Lombard, Willie Louw en Johan Swiegers vergesel. Hulle het onderweg na Fort Worth ook by Monsanto se navorsingsentrum in St Louis besoek afgelê.

Landbouskrywers SA sal eersdaags weet of sy bod om 'n wêreldkongres in 2013 aan te bied, geslaagd was. Die ander land wat 'n aanbod gedoen het, is Argentinië. 'n Besluit sal moontlik in September geneem word. Suid-Afrika het die wêreldkongres ook in 2004 gehou.